

PERSVERKLARING

SARS WERK MET BELASTINGPRAKTISYNE-SEGMENT OM VRYWILLIGE NAKOMING TE VERSTERK

27 Augustus 2025 — In die nastreef van SARS se strategiese doelwit om saam en deur belanghebbendes te werk om die belasting-ekosisteem te verbeter, het Kommissaris Kieswetter en sy span 'n konsultatiewe vergadering met die Forum van Erkende Beheerliggame gehou. Dit is 'n platform vir strategiese skakeling tussen SARS en erkende beheerliggame (EBL'e). SARS beskou hierdie skakeling as deurslaggewend vir sy hoër doelwit: om te help om 'n bevoegde staat te bou en Suid-Afrikaners op te hef.

Die leierskap van die EBL'e bestaan uit die Suid-Afrikaanse Belastinginstituut (SAIT); Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR); Suid-Afrikaanse Instituut vir Professionele Rekenmeesters (SAIPA); Instituut vir Rekeningkunde en Handel (IAC); Geoktrooieerde Instituut vir Besigheidsrekenmeesters (CIBA); Raad vir die Regspraktyk (LPC); Suider-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Bestuur (CGISA); Finansiële Beplanningsinstituut (FPI); Geoktrooieerde Instituut vir Bestuursrekenmeesters (CIMA); en die Vereniging van Geoktrooieerde Gesertifiseerde Rekenmeesters (ACCA).

Die rol en gesag van EBL'e spruit uit die wet, veral artikel 18 van die Wet op Belastingadministrasie. EBL'e moet streng toesig hou oor die optrede van hul belastingpraktisyns om vertroue te behou en die integriteit van die belastingstelsel te handhaaf. *“Soos wat ons van onself en ons eie werknemers verwag, moet die optrede van belastingpraktisyns onberispelik wees,”* sê Kommissaris Kieswetter. Belastingpraktisyns is onontbeerlike rolspelers in Suid-Afrika se fiskale stelsel en in die bevordering van fiskale burgerskap. Deur die leiding wat hulle aan belastingpligtiges verskaf, is hulle ook sentraal tot SARS se strategiese voorneme om vrywillige nakoming te bevorder. As ambassadeurs vir belastingnakoming moet belastingpraktisyns se persoonlike belastingake self in orde wees.

SARS en die EBL'e het openhartige en robuuste gesprekke oor kernkwessies gevoer. Hulle het ooreengestem dat SARS aan duidelikheid en sekerheid aan praktisyns moet oor hul verpligtinge moet bied en dit vir hulle maklik moet maak om dit na te kom - veral ten opsigte van hul registrasie om te praktiseer, asook die volgehoue verifikasie van hernuwings. SARS het EBL'e aangemoedig om hul lede se toestemming te verkry vir die deel van nakomingsstatus-inligting.

Die vergadering het die kritieke rol van SARS, en in hierdie verband die bydrae van die beroep, bevestig vir die vervulling van die organisasie se mandaat om alle verskuldigde inkomste in te vorder, optimale nakoming van belasting- en doeane-wetgewing te verseker, ons grense te beskerm en wettige handel te fasiliteer. As mede-reguleerders van belastingpraktisyns en tussengangers in belasting en doeane, dra EBL'e die verantwoordelikheid om nie net self belasting- en doeane-wette na te kom nie, maar ook om hul lede wat praktisyns is, en die belastingpligtiges wat hulle bedien, te help om hul verpligtinge na te kom. En dit sonder aansien des persoon, op 'n professionele en etiese wyse.

Die Pad Vorentoe

Hierdie is strategiese vennootskap tussen SARS en die EBL'e, om nakomingsvlakke te verbeter en inkomste in te vorder, veral uit uitstaande opgawes en skuld wat reeds verskuldig is. Die sukses van hierdie vennootskap verseker 'n billike belastingstelsel waar meer belastingpligtiges betaal soos deur die wet vereis, in plaas daarvan dat die las gedra word slegs deur diegene wat wel nakomend is. Die kommissaris het 'n beroep op die EBL'e se uitvoerende hoofde (HUB's) gedoen om saam met SARS te werk en te help om die belastingake van hul lede en kliënte te regulariseer.

SARS en die EBL'e het ooreengekom om maniere te ondersoek waardeur skuld wat aan die fiskus verskuldig is, binne die bepalings van die Wet op Belastingadministrasie, spoedig ingevorder kan word. Ten einde dit te bewerkstellig, het SARS onderneem om sy prosesse vir die invordering van verskuldigde skuld te versnel.

Die kommissaris het daarop aangedring dat die EBL'e help om te verseker dat vrywillige belastingnakoming 'n staande raadsaalagenda-item bly.

Om voortgesette samewerking te versterk, het SARS en die EBL'e ooreengekom om:

- Jaarlikse/halfjaarlikse strategiese gesprekke tussen die kommissaris en EBL-HUB's in te stel;
- die Operasionele forum te heroriënteer om operasionele kwessies aan te voer;
- 'n Regs- en beleidkomitee in te stel om wetgewende aangeleenthede aan te spreek; en
- 'n Tegnieke span saam te stel om stelsel- en databeperkings aan te spreek.

Vir spesifieke segmente sal SARS 'n forum met sy Grootsake- & Internasionale- (LBI-) en Individue met Hoë Rykdom- (HWI-) -segmente instel. Streeksgewys sal SARS die streekskomitees heroriënteer om daaglikse operasionele kwessies te hanteer.

SARS sal ook die belastingpraktisyn-diensaanbiedingsmodel verfyn en met EBL'e skakel as deel van sy moderniseringsprogram.

Kommissaris Kieswetter het die EBL'e bedank vir hul sleutelrol om die land te help om hulpbronne te mobiliseer om nasionale uitdagings die hoof te bied. Hy het gesê dat "albei partye die belang van konstruktiewe skakeling oor die uitdagings wat hulle in die gesig staar, beklemtoon het; voortgesette samewerking; en oop kommunikasiekanale om 'n robuuste belasting- en doeane-omgewing te bevorder. Dit is krities dat ons vrywillige nakoming verdiep, met die gepaardgaande voordeel om fiskale burgerskap, asook die morele en etiese optrede van die EBL'e, belastingpraktisyns en belastingpligtiges, te bevorder." Ter afsluiting het die kommissaris gesê: "SARS se invordering van meer as R23.3 triljoen sedert sy ontstaan, is in geen geringe mate te danke aan die deurslaggewende rol wat die EBL'e gespeel het nie."

Die EBL-HUB's het die betrokkenheid verwelkom en die gees van 'n produktiewe vennootskap ter bevordering van vrywillige nakoming verwelkom. SAIPA se verteenwoordiger, me. Tia van der Sandt, het haar waardering uitgespreek vir "*die*

geleentheid om die verhouding met SARS namens ons belastingpraktisyns te versterk. Ons glo dat ons kollektief verantwoordelik is vir die bou van ons pragtige land.” Me. Sesana van SAIT het gesê haar organisasie *“heg groot waarde aan samewerking met SARS omdat dit die grondslag van fiskale burgerskap is—’n hoeksteen van ’n suksesvolle land,”* en dat *“dit vir SAIT, as die grootste EBL, inspirerend en perspektiefverskuiwend was om SARS se beheersentrum te besoek en te sien hoe KI en reële-tyd-data aangewend word om die land vorentoe te neem.”* Die HUB van IACSA, mnr. Prakash Singh, het *“die gesonde bespreking oor toepaslike onderwerpe wat die breër Suid-Afrika raak”* geloof, terwyl die HUB van CIBA, mnr. Nicholas van Wyk, sy bewondering uitgespreek het en *“uitermate beïndruk was met die vlak van SARS se sofistikasie in die monitering van sy bedrywighede in reële tyd.”* Hy glo *“dit stel ’n wêreldklasstandaard van uitnemendheid, ook in Suid-Afrika,”* en het SARS se skakeling met die EBL’e en belastingpraktisyns deur hulle *“as strategiese vennote te beskou in die mobilisering van hulpbronne vir die land”* waardeer.

Hierdie produktiewe skakeling het die verhouding tussen SARS en die EBL’e versterk, met Kommissaris Kieswetter wat dit duidelik gestel het dat: *“Vir ons om in ’n ware vennootskap met die erkende beheerliggame, en hul lede wat as raadgewers en tussengangers vir belastingpligtiges optree, te kan werk, moet ons die beroep aan dieselfde hoë standarde van aanspreeklikheid hou—wetlik én moreel.”*

EINDE.